

Hoofstuk van die dag: Prediker 10

> *En die dwaas het soveel te sê! Die mens weet nie wat sal gebeur nie; wat ná hom gaan gebeur – wie kan hom daaroor inlig? (vers 14)*

’n Los tong het menige praatsiekes al in die moeilikheid

gebring. G’n wonder nie dat Jakobus in sy brief die tong as ’n ontembare, dodelike gif uitbeeld nie (1:26 en 3:2-9).
Hierdie is uitsprake wat ons baie ernstig moet opneem. “Sit ’n wag voor my mond, Here,” bid Dawid in Ps 141:3. Ek verbaas my telkens hoe maklik ’n storie oorvertel word. Dit versprei soos ’n veldbrand onder gulsige skinderhongeriges, sonder dat die volle konteks deel van die storie uitmaak. Of daar kom ’n stertjie by. Sake word uit verband geruk of verdraai. Dis dan wanneer mense seerkry.
Die Prediker waarsku dat jy nie iets wat jy gesê het, kan terugtrek nie. Selfs die voëltjies kan dit oorvertel (vers 20), en voor jy jou kom kry, is jy in die sop. Dis nogal veelseggend dat hy dié uitspraak maak in ’n gedeelte waar hy dit het oor dwaasheid.
Petrus skryf in 1 Pet 3:10: “As iemand die lewe liefhet en ’n lang lewe begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens.”

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026